

BEKENDSTELLING: *Die Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling*

Groote Kerk

Dit is 'n voorreg om namens 'n groot span medewerkers iets te sê. Van die begin af was dit die ideaal om so inklusief moontlik te wees: ten opsigte van kerke en denominasies, dissiplines, leeftyd en geslagte. Daar is 142 persone wat betrokke was/is, terwyl 7 reeds oorlede is: ongeveer 20 verskillende denominasies, 37 vroue, 83 brontaalkenners en eksegete, 59 Afrikaanse taal- en letterkundiges, insluitende opgeleide vertalers, kreatiewe skrywers/digters, asook 64 kerklike lesers. Vir elke Bybelboek is daar 'n afsonderlike vertaalspan: 'n brontaalkenner, 2 eksegete, 'n intravertaler, Afrikaanse taalkundige en letterkundige.

Hierdie spanne staan egter op die skouers van heelwat ander inisiatiewe. Reeds in 1997 dien 'n versoek vir 'n (konkordante) nuwe vertaling by die Kerklike Advieskomitee: Die Bybel in Afrikaans (KABA), maar sonder positiewe reaksie. Eindelik lei dit tot 'n internasionale konferensie in 2001 om vas te stel wat die beste pad vorentoe sou wees. Hierna volg marknavorsing deur die Bybelgenootskap, asook navorsing by 4 Universiteite oor die aard van verskillende moontlike vertalings.

Die meeste vertalings tot in die helfte van die 20ste eeu was woord-vir-woord vertalings. Hierop volg die era van dinamiese of betekenisgeoriënteerde vertalings, soos die *1983-vertaling*, en kommersiële vlotlees-vertalings. Tegelykertyd groei 'n uitgesproke behoefte by kerke aan 'n teks wat nader aan die struktuur van die bronteks bly.

Navorsing wat gedoen is met oog op die behoefte wat deur die kerke uitgespreek is, het onder andere aangetoon dat verskeie oorwegings geld wanneer vertalings met die oog op verskillende funksies aangepak word. Wanneer 'n kontrak of grondwet vertaal word, geld ander maatstawwe as by die vertaling van 'n advertensie. Wanneer die Bybel as gesaghebbende Woord van God word vir kerke vertaal word, moet rekening gehou word met bestaande vertaaltradisies en die sensitiwiteit van die kerke. Daar is dus sprake van 'n dubbele lojaliteit: aan die bronteks, maar ook aan die opdraggewer, die kerke. Hoe aan hierdie dubbele lojaliteit uitdrukking gegee moet word, moet onderhandel word en duidelik in terme van 'n vertaalopdrag geformuleer word. Dit was 'n vernuwende insig aangesien in die verlede nie so eksplisiet met kerke se behoeftes rekening gehou is nie.

Hierdie navorsing vind ook neerslag in 'n werkswinkel van KABA (Maart 2004) waar die vertaalopdrag (ná oorleg met die kerke) gefinaliseer is. Hierdie proses was nogal 'n uitdaging omdat die kerke na aan die bronteks wou bly, maar daar nie na 'n woord-vir-woord vertaling teruggaan kon word nie. Die vertaalopdrag is dan soos volg geformuleer:

Skep 'n goed verstaanbare, bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik.

Hierdie opdrag is verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees.

Die teoretiese 'handvat' om uitdrukking te gee aan die vertaalopdrag is verkry deur 'n konsep te gebruik wat deur die vertaalkundige Ernst-August Gutt voorgestel is, te wete "direkte vertaling". Die konsep word ongelukkig maklik misverstaan as 'n sinoniem vir woord-vir-woord of letterlike vertaling. Die terme 'direkte' en 'indirekte vertaling' is egter tegniese terme wat geëk is na aanleiding van die onderskeid tussen direkte en indirekte rede.

As my vrou my ná 'n ereidiens sou vra, wat het die dominee presies gesê oor tema x, en ek 'n fotografiese geheue sou hê, sou ek kon antwoord: Hy sê **dubbelpunt** "abc". ABC sou dan sy presiese woorde moes wees - as ek hom inderdaad direk aangehaal het. As my 7-jarige my dieselfde vraag sou vra, sou ek heelwaarskynlik antwoord: Die dominee sê **dat** xyz. In XYZ sou ek dan my weergawe aangepas het om my kind se konseptuele wêreld te akkommodeer.

Op dieselfde manier as in hierdie voorbeeld, probeer 'n **'direkte vertaling'** van Rut die Hebreeuse teks so te vertaal asof sy direk aangehaal word – en goeie Afrikaans praat in haar eie tyd en wêreld. Geen poging word in die vertaalde teks self gemaak om aan te pas by moderne lesers se konseptuele wêreld nie. Moderne lesers se wêreld word eerder in voetnotas verbreed sodat hulle vreemde konsepte, metafore en beelde, mate en gewigte kan verstaan. In kontras met 'n direkte vertaling, poog **indirekte vertalings** om die konseptuele wêreld van moderne lesers in die teks self te akkommodeer – soos byvoorbeeld die *1983-vertaling* en *Good News Bible*.

In Oktober 2004 besluit KABA om die Bybelgenootskap te vra dat so 'n vertaling gemaak word, en in Feb 2005 keur die Bybelgenootskap die vertaling goed en vra die kerke om vertalers te nomineer. 'n Uitnodiging deur die Bybelgenootskap tot medewerking aan die projek word deur die vakverenigings van taalpraktisyns/vertalers, taalkundiges en letterkundiges landwyd versprei.

Die maak van 'n direkte vertaling was en is sonder twyfel 'n groot uitdaging – dit is nie altyd maklik om die regte goeie Afrikaans uitdrukking vir 'n Grieks of Hebreeuse idioom of gelade term te vind nie; of om te bepaal hoeveel voetnote waar bygevoeg moet word nie. Tog is ons in Suid-Afrika geseën met 'n ryke tradisie van die bestudering van die grondtale en die wêreld van die Bybel, en dien op ons spanne van meet af aan mense wat die Afrikaanse taal- en letterkunde goed ken. Ek dink dat die Bybelgenootskap met vrymoedigheid sou kon sê dat hierdie direkte vertaling 'n eerlike en goed ingeligte poging is om al die kommunikasieleidrade van die Grieks en Hebreeuse brontekste in goeie Afrikaans weer te gee.

Vanaand se uitgawe is dus min of meer halfpad in die proses. Hierna kan kerklike lesers en die publiek steeds kommentaar lewer wat weer deur die drie Redaksionele Komitees verwerk moet word. Die projek steun verder deurlopend op talle steunpilare in die Departement vertaling en die Bybelgenootskap as geheel.

Hiermee oorhandig ek graag namens 'n groot span vertalers – mense wat in die proses baie nederig geword het – hierdie vertaling aan die Bybelgenootskap.

Bernard Combrink

12 Maart 2014